Sondag 8 November 2009

Afkondigings!

NG Lynnwood
Nederduitse Gereformeerde Kerk Lynnwood

☎012 348-1245 / www.lynnwoodng.org.za

24/7 Christen-wees

Viering – Diens – Liefde – Eenheid

Welkom by die Erediens!

1e Advent

Oggenddiens	**09:00**
Johann Voges	**Kerk**
Musica Vivendi tree op.	
Gesinsdiens	**09:00**
Peet Crous	**Gesinskerk**
Kleuters	**09:00**
Kleuterkategete	**Jeugsentrum A15**
Aanddiens	**18:30**
Immanuel van Tonder	**Kerk**

15 November – 2e Advent:

Oggenddiens	**09:00**
Pieter Oosthuizen	**Kerk**
Gesinsdiens	**09:00**
Peet Crous	**Gesinskerk**
Kleuters	**09:00**
Kleuterkategete	**Jeugsentrum A15**
Aanddiens	**18:30**
Zander van der Westhuizen	**Kerk**
Aand-kerssangdiens!	

Leesteks:

Rut 3:1 – 5; 4: 13 – 17 / 1 Kon 17:8 – 16;
Ps 127 / Ps 146;
Heb 9:24 – 28; Mark 12:38 – 44.

Kuiergeleenthede in Koinonia:

- **Na die oggenddiens.**
- **Koffie na die aanddiens.**

Kom tog, laat ons die saak
met mekaar uitmaak,
sê die Here:
Al was julle skarlakenrooi
van sonde, julle sal wit
word soos sneeu.
Al was julle purperrooi,
julle sal wit word soos wol.
Jes 1[18]



Advent-reeks:
Wit Kersfees in Afrika

8 Nov	Wit soos Wol	Jes 1[18]
15 Nov	Helder Wit Klere	Op 7
29 Nov	Wit Klippie Geskenk	Op 2[17]
6 Des	Wit Manna	Eks 16 [31]

Kerssangdienste: 15 Nov en 6 Des

15 Nov Aand-kerssangdiens met Louis Brittz en Vertikaal.

6 Des Oggend-kerssangdiens met Atempo-koperensemble, lede van Akustika-sangers, Dihan Swanepoel (solosang) en gemeentesang.

MOET DIT NIE MISLOOP NIE!

Cappuccino's vanoggend in Koinonia te koop @ R10 (in die hoek naby die hoofingang).

Program vir die week

Maandag **9 November**

19:00 **Begrotingskonferensie** in Koinonia.

Dinsdag **10 November**

08:30 **Bybelstudie** in Koinonia – Ds Pieter Oosthuizen (012 348-4004/082 579 1125).
10:00 **Bybelstudie** by Glenwoodpark 605, Ikeyweg 74, Lynnwood Glen.
14:00 **Tabita naaldwerkklasse vir huishulpe** – in Gesinskerk. Navrae: Selma du Preez 012 361-1626.
18:00 **Diensverhoudinge Bediening** vergader in die kerkkantoor.
18:30 **Aand-Bybelstudie se Jaarafsluitings-ete** in Koinonia.
19:00 **Bybelstudie** in lokaal A21 – Dr Johann Voges 012 361-1537/082 579 1122.

Woensdag **11 November**

11:00 Lidmate doen *voorbidding* vir die gemeente in die Kapel. (Ds Peet Crous 012 361-4219/079 893 5572 of Amanda Kotzé 012 361-1408/072 630 3088.
17:00 **Gasvryheidsbediening** vergader in lokaal A21.

Donderdag **12 November**

09:00 **Bybelstudie:** Lynnwood Oord.
14:00 **Tabita naaldwerkklasse vir huishulpe** – in Gesinskerk. Navrae: Selma du Preez 012 361-1626.
18:00 **Egskeidingsbegeleiding** het afgesluit vir die jaar.

Vrydag **13 November**

07:00 **Christelike Meditasie** in die Kapel. (Kosie de Clerk 012 361-4975 / 083 299 7263).
08:00 **Bybelstudie** in lokaal A21 – Dr Johann Voges 012 361-1537 / 082 579 1122.

Chinese Diens: Sondae 11:00 – Gesinskerk. **Sotho Diens:** Sondae 14:30 – Gesinskerk.

Karla van Straaten (Kinderwerker) word volgende week gelegitimeer.
Ons wens haar geluk en sterkte toe met haar bediening vorentoe.

Doen asseblief voorbidding vir

▪ Harold Lombard, Central Parkweg 401, Lynnwood – Little Company of Mary.	012 361 5488
▪ Basie Heunis, Strubenkop 384, Lynnwood – Lynnmed Kliniek.	012 361 4376
▪ Helene Grosskopf, Farmers Folly 39C, Lynnwood – Zuid-Afrikaans Hospitaal.	012 348 6264
▪ Gert en Leonie Venter (pa en ma) en Lorraine (vrou) en kinders, Selrose Park 61, Griffithstraat 101, Equestria – met die afsterwe van Jacques.	012 807 3386

Junior Kategese sluit vandag af vir die jaar! Almal daar asseblief.

Algemeen

1. ***BEDIENING AAN SENIORLIDMATE:***
   Een van die kern doelwitte van die Seniorbediening is om die mense in hulle totaliteit te laat groei. Ons wil begin om 'n lys te maak van geleenthede wat reeds in ons gemeenskap bestaan soos bv rolbalklub, voëlkykgroepe, stokperdjie-groepe, ens. As u van enige relevante aktiwiteit weet, laat weet asb vir Bets by die kerkkantoor 012 348-1245 of epos bets@lynnwoodng.org.za. Navrae: Ds Immanuel van Tonder 083 540 6015.

2. ***KERSTEE!***
   Die Gasvryheidsbediening nooi almal hartlik uit na 'n Kerstee volgende Sondag net na die oggenddiens in Koinonia.

3. ***MABOPANE KLEUTERSKOOL:***
   Baie dankie aan die omgeegroep wat die kostes (wat hul genoem het *sinkplaatprojek*) gedra het vir die herstel van die nuwe kleuterskoolklaskamer se dak. 80 Wees/kwesbare en behoeftige kleuters sal van volgende jaar af in die kleuterskool onderrig word. Om dit te kan bedryf, is ons hoofsaaklik afhanklik van donasies. 'n Inkomste- en uitgawestaat vir 2008/2009 (gratis opgestel deur 'n ouditeursfirma in ons gemeente) is by die kerkkantoor beskikbaar. Indien u die kleuterskool in 2010 sou wou ondersteun, kontak gerus die kerkkantoor of Carina Goosen 082 900 4087.

4. ***'N UITNODIGING AAN ALLE LIDMATE OM DEEL TE WEES VAN GESPREKKE OOR DIE BEDIENING IN ONS GEMEENTE:***
   Die Kerkraad het op sy onlangse vergadering goedgekeur dat ons fokus op die uitbouing van '*24/7 Christen-wees*' in die gemeente. Die predikantespan wil graag eenmalige '*HUB-gesprekke*' vroeg in die nuwejaar hou. Ons wil by lidmate hoor wat leef in die harte van gemeentelede en gedagtes oor die onderskeie bedieninge uitruil. Sommige HUB-gesprekke raak alle lidmate en ons wil u nou reeds uitnooi om by hierdie gesprekke betrokke te raak en per e-pos of enige ander manier te begin kommunikeer in aanloop tot die gesprekke in Januarie. Die volgende predikante is verantwoordelik vir die verskillende HUB-gesprekke: *Uitreik – Johann Voges, Pastoraat – Pieter Oosthuizen, Toerusting – Immanuel van Tonder, Groepe en verhoudings – Peet Crous*. Laat weet asb die kerkkantoor by watter een van die gesprekke u betrokke wil raak en gee vir ons u kontakbesonderhede en e-posadres. Ons sien uit daarna om van u te hoor!

5. ***TOERUSTINGS-HUB-GESPREK:***
   Almal wat belangstel om saam te kom gesels oor die geestelike begeleiding van die gemeente en toerusting van lidmate is welkom om te kom deelneem aan 'n *Toerustings-hub-gesprek* op 16 November 2009 om 18:00 in Koinonia.

6. ***VOORSTELLE VIR EREDIENS-TEMAS IN 2010:***
   Almal word genooi om temas voor te stel vir 2010 op die vormpies buite op die stoep.

7. ***VERSOENINGSDAG-DIENS – 16 DESEMBER 2009:***
   Die gemeente word uitgenooi na die Versoeningsdag eredienste by Universiteitsoord en die Voortrekker Monument (meer inligting volg later).

8. ***RADIO UITSENDING VAN PREKE:***
   Daar is 'n moontlikheid om 'n radiosender te installeer wat eredienste oor 3km radius kan uitsaai. Dit sal veral vir lidmate in Lynnwood Oord tot groot seën wees om by die dienste te kan inskakel. Ons benodig R9000 daarvoor. Indien u belangstel om iets by te dra kontak asseblief vir Ds Immanuel van Tonder 083 540 6015.

9. ***ADORAMUS:***
   Die Kerkraad het besluit om die Adoramusdienste te beëindig met onmiddellike effek. Daar is Woensdae 19:00 Adoramusdienste by Andrew Murray en Sondae om 18:00 by Stellastraat.

10. ***AFSKOPKAMP!***
    Alle Graad 8's van 2010 moenie die Afskopkamp vanaf 4 tot 6 Desember 2009 misloop nie! Wees voorbereid vir die hoërskool en leer nuwe mense ken. Inskrywingsvorms is by die kerkkantoor beskikbaar. Navrae: Dr Zander van der Westhuizen 082 883 2302.

11. ***BYBELS*** in ander tale is beskikbaar @ R40 elk by die kerkkantoor (012 348-1245 Maandag – Vrydag 08:00 – 13:00).

Tydens Advent (vanaf 8 November) word die Digbundels op die stoep voor die kerkgebou verkoop teen R50 elk. Dit is die ideale kersgeskenk!

Gebeure in ons omgewing

Adoramusdienste: Sondagaande om 18:00 by Stellastraatgemeente (hv Stella- en Olivierstraat, Brooklyn).

Paul Jungnickel Huis vir volwassenes met gestremdhede het behoefte aan die volgende items. Kontak hulle asb indien u kan help. Groente, vleise, wond-salwe, pynmiddels en pleisters. Vir die werkswinkel: enige kuns-benodigdhede, lappies en gom. Daar is 'n Kersmark vanaf 4 – 17 Des om 09:00 – 18:00 elke dag, naweke en vakansiedag ingesluit. Tweehonderd uitstallers stal uit! Kom koop gerus u kersgeskenke en ondersteun 'n goeie saak!

Heerlike kleinkoekies, beskuit en groot koeke te koop ten bate van 'n sorgsentrum. Sien asb die pryslys op die kennisgewingbord. Plaas u bestelling teen Dinsdag vir aflewering op 'n Vrydagoggend. Kontak die kerkkantoor by 012 348-1245 of per epos: bets@lynnwoodng.org.za.

Gemeente Inligting

Kerkkantoor: Telefoon: 012 348-1245 / 082 904 7672 / 082 904 7683
Faks: 0866 453 712 of 012 348-5655
E-pos: kerkkantoor@lynnwoodng.org.za
Webwerf: www.lynnwoodng.org.za
Kantoorure: Maandag tot Vrydag (08:00 -13:00)

Bankbesonderhede: NG Gemeente Lynnwood
ABSA Brooklyn Court. Takkode: 632005
Rekening nr: 540 580 014
Maak asb seker om u '*Van'* en '*Kontakgroep'* te meld indien u 'n oorplasing of deposito maak.

Biblioteek-ure: Sondae: 10:00 – 11:00 in Koinonia.

Jeugkantoor: Nelis Maritz 012 348-1245 (uitbr 215) of 082 692 8865.

Dagkoster: Pieter Schoeman 012 348-1245 of 082 771 8988
(aan diens vanaf 07:00 – 12:00).

Na-ure koster: Jan Viljoen 012 348-1245 (uitbr 213) of 079 693 4827
(aan diens vanaf 16:00 asook naweke).

Wespoort Maatskaplike werker: Antoinette Victor 082 560 1847.

Motoroppassers: Onthou asb 'n donasie in die kissies by die deure.

Lidmate in rolstoele: Word vriendelik uitgenooi om van die spasie gebruik te maak wat agter by die orrel ingeruim is.

CD-opnames: van eredienste, huwelike, doop en begrafnisse @ R10 elk. Bestelvormpies is by die kerkkantoor. Handig asb die voltooide bestelvorm saam met u betaling in. Ons sal u kontak sodra die CD gereed is vir afhaal by die kerkkantoor. Navrae: Sue Visser 012 348-3443 / 082 575 7451.

Die predikante nooi u hartlik uit om hulle te kontak indien u 'n persoonlike besoek verlang. Die kontakinligting is op die kalender en op die webwerf beskikbaar by www.lynnwoodng.org.za.